VERLOOP – BESLUITNEMING SELFDEGESLAGVERHOUDINGS ALGEMENE SINODE 2015

DERDE SITTINGSDAG

3. SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (Aanvullende Agenda A.19 bl 80 pt 4.2) – **goedgekeur:**
Die Algemene Sinode reël 'n gefasiliteerde gespreksgeleentheid oor die opdrag ter vergadering.

Dr Kobus Gerber verduidelik kortliks hoe hierdie besluit uitgevoer gaan word. Die voorgestelde gesprek vind as 'n *grootgroepgesprek* in die saal plaas tydens die Eerste Middagsessie (14:00). Die gesprek sal 90 minute duur. Drr Carin van Schalkwyk en Frederick Marais tree op as fasiliteerders. Deelname aan die gesprek is oop vir lede van die vergadering en amptelike waarnemers van sinodes wie se name in die Agenda verskyn. Ekumeniese afgevaardigdes kan ook aan die gesprek deelneem. Besoekers is welkom om by te woon, maar kan nie aan die gesprek deelneem nie.

11. OOP GESPREK OOR SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

Drr Frederick Marais en Carin van Schalkwyk lei die oop gesprek oor selfdegeslagverhoudings. Na die oop gesprek word daar by die tafels afgesluit in gebed en verootmoediging.

VIERDE SITTINGSDAG

12. SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (vervolg)

Die voorsitter herinner die vergadering aan die waardes waarmee ons by hierdie vergadering werk. Die wyse, die hoe, van die gesprek is 'n getuienis.

Hy sê dat hy nie dink die vergadering vandag al 'n besluit kan neem nie. Hy wil die gesprek laat loop tot by verdaging en dan weer 'n span aan die werk sit om die volgende sittingsdag met verdere voorstelle vir 'n uitkoms of uitkomste te kom. Die gesprek moet nie te vinnig toegemaak word nie uit respek en billikheid teenoor die vergadering in die lig van uiteenlopende menings. Die gesprek word so oop as moontlik gehou en die vergadering kan die volgende dag besluit.

MOSIE: SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (T Danzfuss/R Britz) **– die mosie word met die toestemming van die vergadering teruggetrek:**
Die Sinode besluit dat die debat oor selfdegeslagverhoudings in kamera sal plaasvind.

Die vergadering is tevrede dat die media in die vergadering kan wees tydens die bespreking. Die voorsitter reël dat die bespreking nie verfilm word nie omdat hy die veiligheid van alle deelnemers moet beskerm. Besoekers is welkom tydens die bespreking.

Die sake word in die volgende orde hanteer:

SELIBAATVOORWAARDE (BESLUIT 7 van 2007) EN MENSWAARDIGHEID VAN HOMOSEKSUELE AFGESTUDEERDES (B.15 (Aanvullende Agenda) bl 98, T.18.2 bl 1 pt 2) – **goedgekeur:**
2.1.2.1 Die Algemene Sinode besluit dat Beskrywingspunt B.15 nie ontvanklik is nie.
2.1.2.2 Die Algemene Sinode besluit dat tydens die bespreking van selfdegeslagverhoudings kennis geneem kan word van die inhoud van B.15.

SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (A.19 (Aanvullende Agenda) bl 80 pt 4) – **goedgekeur:**
4.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die terugvoering van die Moderamen ten opsigte van die opdrag rakende selfdegeslagverhouding.
4.2 Die Algemene Sinode reël 'n gefasiliteerde gespreksgeleentheid oor die opdrag ter vergadering **– afgehandel op Derde Sittingsdag pt 3.**

4.3 Die Algemene Sinode besluit om die opdrag voort te sit en besluit ter vergadering oor die raamwerk vir die voortgesette navorsing en dialoog **– staan oor op suggestie van die voorsitter.**

Op ’n vraag wat word van die voorstelle wat kon voortvloei uit die Oop Gesprek die vorige dag aangesien daar nie ’n duidelike reëling in die vergadering daaroor was nie, aanvaar die vergadering dat die Tydelike Taakspan Leerstellige en Aktuele Sake die sake kon hanteer het en sal terugkom daarmee.

SELFDEGESLAGVERHOUDINGS – STATUS VAN (B.10 bl 461, T.12.2 bl 1 pt 1) – s**taan oor na reëling van voorsitter dat die beskrywingspunt deel word van die verdere gesprek:**
Die Algemene Sinode besluit om, in die lig van die verdere proses rondom die nadenke oor die status van selfdegeslagverhoudings, die beskrywingspunt nie goed te keur nie.

Die voorsitter lig die vergadering in oor die voorstelle wat ontvang is en ter tafel is. Hy lees voorstelle 5, 8, 9, 12, 13, 14. Hy wys dat daar dus drie soorte voorstelle is: die wat die saak wil laat soos dit is, die wat vorentoe wil gaan asook prosesvoorstelle, oa die van die ASM.

Die vergadering keur die moderator se suggestie goed dat dr Frederick Marais 'n gesprek sal fasiliteer waar die Tydelike Taakspan Leerstellige en Aktuele Sake, asook afgevaardigdes wat voorstelle en/of mosies oor die saak van selfdegeslagverhoudings ingedien het, met al die sake ter tafel saam sal besin om die Algemene Sinode te dien met 'n volledige verslag en voorstelle. Die ideaal is dat sake belyn sal word sonder om mense se standpunte te negeer.

Die voorsitter vra die vergadering om vanaand ernstig te bid vir die gesprek. Hy sal na die afkondiginge van reëlings voorgaan in gebed.

VYFDE SITTINGSDAG

2. SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (vervolg)

Ds Nelis Janse van Rensburg versoek TV-spanne wat opnames maak om die vergadering te verlaat vir die gesprek oor selfdegeslagverhoudings. Die media is egter welkom ter vergadering. Afgevaardigdes word versoek om nie dele van die vergadering sonder toestemming van betrokkenes op te neem en in die openbare media te vertoon nie – ons doen dit nie in die gees van die Seisoen van Menswaardigheid nie. Hy vra die vergadering verder om binne die gees van die vreugdevolle Gereformeerde tradisie te debatteer en te reageer in gesprekke,

Die volgende punte is van toepassing met die oog op die gesprek: A.19 bl 421, A.12 bl 252 pt 3.5; A15 bl 313 pt 2.1.2, B.10 bl 461; Aanvullende Agenda A.19 bl 80, B.15 bl 98; T.18.2 bl 1 pt 2; T.12.2; voorstelle 5,8,9,12,13 en 14. Al hierdie verslae en voorstelle is die vorige dag deur vergadering na Tydelike Leerstellige en Aktuele Sake verwys waar dr Frederick Marais as fasiliteerder opgetree het en afgevaardigdes wat voorstelle en mosies ingedien het saam kon besin om die vergadering met voorstelle te bedien. Uit die proses dien twee voorstelle voor die vergadering, naamlik **Voorstel 15** (A Bartlett/ M Sahd) en **Voorstel 16** (ACV van Wyk/ JH Ernst, J Smook, R Britz, L Bosman en T Danzfuss).

Dr Frederick Marais gee terugvoering oor die proses die vorige aand. Die groep wat vergader het, het versoek dat in die gesprek taal gebruik moet word wat verbinding soek. Hy het ook opgemerk dat almal van ons kwesbaar is en dat met respek met ander se standpunte omgegaan moet word.

Die vergadering neem voorstelle 16 (voorstel EEN) en 15 (voorstel TWEE) ter tafel mdo op die gesprek oor die saak. Die voorsitter reël dat ’n omvattende oopvloergesprek gaan gevolg word en daarna gaan hy sake soos volg ter stemming bring: eers die Beskrywingspunt B.10 van die Sinodale Diensraad van die Oostelike Sinode, daarna Voorstel 16 en dan Voorstel 15. Hy lees die twee voorstelle.

4. SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (vervolg)

Die gesprek oor selfdegeslagverhoudinge word voortgesit en 36 sprekers in totaal neem deel aan ’n omvattende gesprek. Die gesprek geskied waardig, in ’n goeie gesindheid en met deernis tsv verskille.

Die Moderator versoek die voorstellers/sekondante van voorstelle 15 en 16 om olv dr Frederick Marais oor die voorstelle te herbesin en die vergadering met voorstel(le) te bedien oor die hantering daarvan. Dáárna sal per geslote stembriewe gestem word. **Die vergadering keur die prosesvoorstel goed.**

6. SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (vervolg)

Dr Frederick Marais versoek ds Nelis Janse van Rensburg om die vergadering te toets oor 'n moontlike stemming tussen voorstelle 16 (voorstel EEN) en 15 (voorstel TWEE). 'n Moontlike integrering van die voorstelle kan na afloop van die stemming hanteer word. Na gesprek **keur die vergadering goed dat oorgegaan word tot stemming met geslote stembriewe.**

Dr Lourens Bosman verduidelik Beskrywingspunt B.10 en suggereer dat daaroor gestem word met die kleurkaarte. Die vergadering is gemaklik daarmee.

SELFDEGESLAGVERHOUDINGS – STATUS VAN (B.10 bl 461, T.12.2 bl 1) – **nie goedgekeur nie:**
Die Algemene Sinode besluit om te volstaan met die besluite van 2007 oor homoseksualiteit en van 2011 (soos gewysig in 2013) oor die huwelik. Die Algemene Sinode oordeel dat hierdie besluite die Bybelse siening hieroor genoegsaam verwoord en ook ruimte laat vir die diversiteit wat daar in die NG Kerk hieroor bestaan.

Die voorsitter gee geleentheid aan drr Chris van Wyk (voorstel EEN) en André Bartlett (voorstel TWEE) om die voorstelle kortliks toe te lig.

Geleentheid word vir stilgebed gegee waarna die voorsitter ds Nelis Janse van Rensburg die Sinode voorgaan in gebed.

Die Sinode stem met geslote stembriewe. Met die toestemming van die vergadering word gelyktydig oor die twee voorstelle gestem. Stembrief nr 11 word as volg gebruik: 'n "1" is 'n stem tgv VOORSTEL EEN (dr Chris van Wyk ea) en 'n "2" is 'n stem tgv VOORSTEL TWEE (dr André Bartlett ea).

VOORSTEL EEN: SELFDEGESLAGVERHOUDINGS: EENDERS ANDERS – GAYS IN DIE GEMEENSKAP VAN GELOWIGES (ACV van Wyk/ JH Ernst, J Smook, R Britz, L Bosman en T Danzfuss) **– nie goedgekeur nie:**
1. Die Algemene Sinode neem met waardering kennis van die verslag van die taakspan oor etiese riglyne vir selfdegeslagverhoudings soos reeds in 4.1 van die verslag van die Moderamen gereflekteer word (A.19).
2. Die Algemene Sinode besluit om die 2013 opdrag: "om in voortsetting van die 2007-verslag oor homoseksualiteit 'n studie te doen oor die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Skrif en Gereformeerde tradisie" te kontinueer, soos in 4.3 van die verslag van die Moderamen gevra word met as raamwerk vir die voortgesette navorsing en dialoog die volgende:
2.1 Die Algemene Sinode besluit dat die ASM die taakspan uitbrei met ekumeniese en teologiese vennote sowel as kundige lidmate wat soos ons op reis met hierdie uitbreidende gesprek is.
2.2 Die Algemene Sinode besluit dat die taakspan dié studie onderneem as 'n reis met gays in die gemeenskap van gelowiges – Anders Eenders – met die oog daarop om 'n Christelike Bybels-etiese model met genoegsame eksegetiese en hermeneutiese verantwoording oor gaywees te ontwikkel. Die model moet reg laat geskied aan die Bybel as die Woord van God én die insluiting en omarming van gay gelowiges.
2.3 Die Algemene Sinode besluit dat die taakspan aan die ASM verslag lewer wat op hulle beurt die volgende Algemene Sinode met 'n voorstel bedien.
2.4 Die Algemene Sinode bevestig die besluite van 2007 en 2013 as die huidige *status quo* en erken daarmee die diversiteit van moontlikhede wat reeds bestaan om oor selfdegeslagverhoudings te dink en te handel in gemeentes volgens eie diskresie.
2.5 Die Algemene Sinode begroot vir dié proses.

VOORSTEL TWEE: SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (A Bartlett/ M Sahd) **– goedgekeur:**
2.1 Die Algemene Sinode herbevestig die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself ook in hierdie verband tot die menswaardigheid van alle mense.

2.2 Die Algemene Sinode verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in ‘n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.
2.3 Die Algemene Sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as ‘n huwelik beskou word.
2.4 Die Algemene Sinode besluit om in die lig van 2.1 hierbo asook 3.6 van die verslag van die taakspan selfdegeslagverhoudings erkenning te gee aan burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou - en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.
2.5 Die Christelik-etiese standaarde (leer en lewe) wat geld vir die legitimasie van alle persone, geld ook vir hulle ordening. Dit behels dat geen addisionele voorwaardes, soos die selibaatvereiste, aan homoseksuele gelegitimeerdes gestel word nie.
2.6 Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouing oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en ‘n bevestig die diskresie van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.
2.7 Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in ‘n gees van Christelike liefde te doen.
2.8 Die Algemene Sinode bied hierdie besluite oor selfdegeslagverhoudings aan met nederigheid na ‘n ernstige soektog en as die beste toepassing van die boodskap van die Bybel soos ons dit tans verstaan. Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes en kerkvergaderings om weereens op ‘n selfstandige soekproses na die toepassing van die boodskap van die boodskap van die Bybel hieroor te gaan. In die soektog kan studiestukke van die Algemene Sinode van 2007, 2011, 2013 en veral 2015 ernstig gelees word. In lyn met NGB Art 2 behoort besondere en algemene openbaring gebruik te word, dws die beste huidige menswetenskaplike bevindings.

Die Sinode stem met 102 stemme teen 88 stemme ten gunste van VOORSTEL TWEE.

Die voorsitter reël dat die besluit wat geneem is die substantiewe voorstel is en wat geamendeer kan word. Die besluit wat pas geneem is, is nie die finale besluit van die vergadering nie. Die voorstellers van beide voorstelle word versoek om ‘n geïntegreerde voorstel te formuleer wat voor die vergadering kan dien en Vrydag tot stemming gebring sal word. *Die nuwe voorstel kan nie die wese van die besluit wat geneem is, verander nie.*

Met die besluit wat geneem is, is die volgende dus ook hanteer in die lig van die verwysing daarvan op die Vierde Sittingsdag:

SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (A.19 (Aanvullende Agenda) bl 80 pt 4)
4.3 Die Algemene Sinode besluit om die opdrag voort te sit en besluit ter vergadering oor die raamwerk vir die voortgesette navorsing en dialoog.

SELFDEGESLAGVERBINTENISSE (T.12.2 bl 1 pt 1)
2.1 Die Algemene Sinode herbevestig die gelykwaardigheid van alle mense, ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself ook in hierdie verband tot die menswaardigheid van alle mense
2.2 Die Algemene Sinode herbevestig die besluite van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word.
2.3 Die Algemene Sinode besluit om in die lig van punt 2.1 hierbo, asook punt 3.6 van die verslag van die Projekspan Selfdegeslagverhoudings erkenning te gee aan selfdegeslagverbintenisse wat gekenmerk word deur liefde en trou – en besluit dat hierdie verbintenisse deur leraars bevestig kan word.
2.4 Die Algemene Sinode besluit in die lig hiervan dat die addisionele voorwaardes van die selibaat vir homoseksuele gelegitimeerdes (addisioneel tot die voorwaardes wat aan heteroseksuele gelegitimeerdes gestel word) as kwalifikasie vir ordening en bediening in 'n gemeentelike konteks, nie vereis kan word of geld vir persone wat tot die predikantsamp toegelaat word nie, aangesien dit nie versoen kan word met 'n gereformeerde amps-, mens- en beskouing nie.

2.5 Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouings oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die diskresie van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.
2.6 Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer.

VOORSTEL: SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (DT Nel/C Naudé)
Die Algemene Sinode verklaar dat hetero-en homoseksuele persone wat in 'n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.

VOORSTEL: EENDERS ANDERS – GAYS IN DIE GEMEENSKAP VAN GELOWIGES (ACV van Wyk/JH Ernst)
Die Algemene Sinode neem met waardering kennis van die verslag van die taakspan oor etiese riglyne vir selfdegeslagverhoudings (A.19).
Die Algemene Sinode besluit om die 2013 opdrag: "om in voortsetting van die 2007 verslag oor homoseksualiteit 'n studie te doen oor die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Skrif en Gereformeerde tradisie" te kontinueer.
Die Algemene Sinode besluit dat die ASM die taakspan uitbrei met ekumeniese en teologiese vennote sowel as kundige lidmate wat soos ons op reis met hierdie uitbreidende gesprek is.
Die Algemene Sinode besluit dat die taakspan dié studie onderneem as 'n reis met gays in die gemeenskap van gelowiges met die oog daarop om 'n Christelike Bybels-etiese model oor gaywees te ontwikkel om reg te laat geskied aan die Bybel as die Woord van God én die omarming en bevestiging van gay gelowiges.
Die Algemene Sinode begroot vir dié proses.
Die Algemene Sinode bevestig die besluite van 2007 en 2013 as die huidige status quo.

VOORSTEL: SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (T Danzfuss/R Britz)
1. Aangesien die verslag geen nuwe eksegetiese insigte na vore gebring het nie, maak die Sinode geen nuwe teologiese uitsprake oor selfdegeslag verhoudings nie.
2. Die Sinode besluit dat ongetroude gelegitimeerdes slegs tot predikantsamp toegelaat kan word indien hulle 'n selibate lewensstyl handhaaf.
3. Aangesien die gedagte van 'n burgerlike vertintenis vreemd is aan die Bybel, volstaan die Sinode wat hierdie saak aanbetref by punt 6 van die Sinode se besluit van 2007 wat sê dat Burgerlike Verbintenisse nie as alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.

VOORSTEL: SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (AL Bartlett/MP Sahd)
2.1 Die Algemene Sinode herbevestig die gelykwaardigheid van alle mense, ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself ook in hierdie verband tot die menswaardigheid van alle mense.
2.2 Die Algemene Sinode herbevestig die besluite van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word.
2.3 Die Algemene Sinode besluit om in die lig van punt 2.1 hierbo, asook punt 3.6 van die verslag van die Projekspan Selfdegeslagverhoudings erkenning te gee aan selfdegeslagverbintenisse wat gekenmerk word deur liefde en trou – en besluit dat hierdie verbintenisse deur lerars bevestig kan word.
2.4 Die Algemene Sinode besluit in d e lig hiervan dat die addisionele voorwaardes van die selibaat vir homoseksuele gelegitimeerdes (addisioneel tot die voorwaardes wat aan heteroseksuele gelegitimeerdes gestel word) as kwalifikasie vir ordening en bediening in 'n gemeentelike konteks, nie vereis kan word of geld vir persone wat tot die predikantsamp toegelaat word nie, aangesien dit nie versoen kan word met 'n gereformeerde amps- en mensbeskouing nie.
2.5 Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouings oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die diskresie van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.
2.6 Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer.

Br Johan Smook versoek dat aangeteken word dat hy teen voorstel twee gestem het.

SESDE SITTINGSDAG

2. SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (vervolg)

Die voorsitter tref die reëling dat ‘n pastorale brief aan gemeentes gestuur sal word waarin die besluit verduidelik word asook ’n videogreep waarin hy en ds Dirkie van der Spuy in ’n opname die besluit verduidelik. Dit sal via die sinodale kantore geskied. Die vergadering is gemaklik daarmee. Die voorsitter versoek voorsitters van sinodes om reëlings met hulle kantore te tref om die kommunikasie uit te stuur.

Die voorsitter lees die geamendeerde voorstel (voorstel 26) aan die vergadering voor.

Gesprek volg oor die proses wat gevolg word.

Voorsitter reël dat die voorstel nou ter tafel die amendement op die vorige dag se besluit. In die hantering daarvan moet rekening gehou word dat die vorige dag se besluit as besluit steeds staan. Die amendement gaan ook in sy geheel gestel word. Indien dit nie aanvaar word nie staan die besluit van die vorige dag.

VOORSTEL: SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (André Bartlett en Chris van Wyk/Monty Sahd en Johann Ernst) **– die locus standi van die voorstel word verwys na die Tydelike Taakspan Regte aangesien daar verskil van mening ter vergadering is oor die status van Donderdag 8 Oktober 2015 se besluit indien hierdie voorstel goedgekeur of afgekeur word:**

2.1 Die Algemene Sinode herbevestig die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself tot die handhawing van die menswaardigheid van alle mense.

2.2 Die Algemene Sinode verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in ‘n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.

2.3 Die Algemene Sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as ‘n huwelik beskou word.

2.4 Die Algemene Sinode besluit om in die lig van 2.1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou - en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.

2.5 Dieselfde Christelik-etiese standaarde (leer en lewe) geld vir die legitimasie en ordening van alle persone. Punt 7 van die besluit van 2007 verval.

2.6 Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.

2.7 Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in ‘n gees van Chirstelike liefde te doen.

2.8 Die Algemene Sinode bied hierdie besluite oor selfdegeslagverhoudings aan met nederigheid na ‘n ernstige soektog en as die beste toepassing van die boodskap van die Bybel soos ons dit tans verstaan. Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes en kerkvergaderings om weereens op ‘n selfstandige soekproses na die toepassing van die boodskap van die boodskap van die Bybel hieroor te gaan. In die soektog kan studiestukke van die Algemene Sinode van 2007, 2011, 2013 en 2015 ernstig gelees word. In lyn met NGB art 2 behoort besondere en algemene openbaring gebruik te word, dws die beste huidige menswetenskaplike bevindings.

2.9 Die Algemene Sinode besluit om ‘n Christelik- Bybels- etiese model oor die seksualiteit vir alle mense te ontwikkel om gemeentes te begelei in die lig van voorafgaande besluite. Hierdie saak word ook verwys na die Projekspan vir Leer en Aktuele Sake, wat reeds ‘n soortgelyke opdrag op A.12 bl 172 punt 7.4 ontvang het.

2.10 Die Algemene Sinode besluit om ‘n bevatlike oorsig van die NG Kerk se reis met homoseksualiteit saam te stel en te versprei om gemeenteleiers te bemagtig in die begeleiding van gemeentes oor hierdie saak.

13. SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (vervolg)

Die aktuarius verduidelik wat die posisie is mbt die locus standi van die voorstel ter tafel. Hy gee die agtergrond van die verloop vanaf Woensdag tot hiertoe.

Die onderstaande voorstel word geag die substantiewe, nuwe voorstel ter vergadering te wees.

Na ’n vraag reël die voorsitter dat hy die voorstel van die Moderamen (A.19 (Aanvullende Agenda) bl 80 pt 4.3) sal laat dien nadat die vergadering gestem het.

Die vergadering stem met geslote stembrief.

SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (André Bartlett en Chris van Wyk/Monty Sahd en Johann Ernst) **– goedgekeur:**
2.1 Die Algemene Sinode herbevestig die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself tot die handhawing van die menswaardigheid van alle mense.
2.2 Die Algemene Sinode verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in ‘n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.
2.3 Die Algemene Sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as ‘n huwelik beskou word.
2.4 Die Algemene Sinode besluit om in die lig van 2.1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou - en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.
2.5 Dieselfde Christelik-etiese standaarde (leer en lewe) geld vir die legitimasie en ordening van alle persone. Punt 7 van die besluit van 2007 verval.
2.6 Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.
2.7 Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in ‘n gees van Chirstelike liefde te doen.
2.8 Die Algemene Sinode bied hierdie besluite oor selfdegeslagverhoudings aan met nederigheid na ‘n ernstige soektog en as die beste toepassing van die boodskap van die Bybel soos ons dit tans verstaan. Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes en kerkvergaderings om weereens op ‘n selfstandige soekproses na die toepassing van die boodskap van die boodskap van die Bybel hieroor te gaan. In die soektog kan studiestukke van die Algemene Sinode van 2007, 2011, 2013 en 2015 ernstig gelees word. In lyn met NGB Art 2 behoort besondere en algemene openbaring gebruik te word, d.w.s. die beste huidige menswetenskaplike bevindings.
2.9 Die Algemene Sinode besluit om ‘n Christelik- Bybels- etiese model oor die seksualiteit vir alle mense te ontwikkel om gemeentes te begelei in die lig van voorafgaande besluite. Hierdie saak word ook verwys na die Projekspan vir Leer en Aktuele Sake, wat reeds ‘n soortgelyke opdrag in A.8.2 bl 172 punt 7.4 ontvang het.
2.10 Die Algemene Sinode besluit om ‘n bevatlike oorsig van die NG Kerk se reis met homoseksualiteit saam te stel en te versprei om gemeenteleiers te bemagtig in die begeleiding van gemeentes oor hierdie saak.

Die uitslag van die stemming was 114 ten gunste van en 63 daarteen.

Die volgende persone teken hulle teenstemme aan: JH Hattingh, T Danzfuss, H Janse van Rensburg, PG Otto, HJ Niemand, R Britz, BH Swart, CP Crause, D Oelofse, J van der Westhuizen, J Smook.

VOORSTEL: SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (T Danzfuss/H Janse van Rensburg) **– nie goedgekeur nie:**
Die Algemene Sinode besluit om die besluite wat geneem word oor selfdegeslagverhougings eers terug te verwys na al die streeksinodes vir goedkeuring of kommentaar. Die ASM kry volmag om hierdie besluite namens die Algemene Sinode te bekragtig sodra minstens twee derdes van die sinodes dit goedgekeur het.
1. Hierdie besluite is nie net leerstellig van aard nie maar raak ook elke gemeente.
2. Hierdie besluite raak nie net die NG Kerk se beleid nie, maar ook die interpretasie van ons belydenis, bv HK vr 108-109 oor die sewende gebod.
3. Die sinode se besluit is met ‘n geringe meerderheid geneem namens ongeveer 1 miljoen lidmate.

VOORSTEL: SELFDEGESLAGVERHOUDINGS: NAMIBIË (JHG Maritz/HJ van Zyl) **– goedgekeur soos gewysig:**
1. Die Sinode van Namibië versoek die Algemene Sinode om kennis te neem dat pt 4 in die goedgekeurde voorstel wat soos volg lees "erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag", in stryd is met die landswette van Namibië.
2. Die Algemene Sinode keur goed dat hierdie besluit oor selfdegeslagverhoudinge nie van toepassing is op die Sinode van Namibië nie.

AMENDEMENT: SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (LL Bosman/F Schoeman) **– verwys na die Taakspan Leerstellige en Aktuele Sake:**
Die Algemene Sinode besluit om die kenmerke van selfdegeslagverhoudings wat bevestig kan word, uit te brei na dieselfde omskrywing wat vir heteroseksuele huwelike geld nl: "'n vaste, formele ooreenkoms tussen twee persone van dieselfde geslag om hulle lewens in alle opsigte met mekaar te deel in 'n lewenslange verbintenis waarin seksualiteit 'n eksklusiewe karakter dra, geseën of bevestig deur die kerk, gesluit in die teenwoordigheid van getuies, sover moontlik in die gemeenskap van gelowigs en erken deur die staat as 'n wettige huwelik of 'n burgerlike verbintenis in terme van Wet 17 van 2006.

VOORSTEL: SELDEGESLAGVERHOUDINGS (R Britz/A van Staden) **– kennis geneem: kyk T.18.5:**
In die lig van die Algemene Sinode se besluit oor selfdegeslagverhoudings word die ASR versoek om die regsimplikasies van die voorstel te bepaal en dan terugvoer te gee aan die Sinodes.

SELFDEGESLAGVERHOUDINGS: KERKREGTELIKE EN REGSIMPLIKASIES (T.18.5 bl 1pt 1) **– goedgekeur:**
1.1.1 Die Algemene Sinode dra dit aan die ASR op om die kerkregtelike- en regsimplikasies van enige besluit(e) insake selfdegeslagverhoudings te ondersoek, met verslag en aanbeveling aan die Algemene Sinodale Moderamen.
1.1.2 Die Algemene Sinode neem kennis dat volgens die "Civil Union Act" Wet no 17, 2006 vereis word dat denominasies skriftelik by die Minister moet aansoek doen om toestemming te verkry om selfdegeslagverbintenisse te voltrek (vergelyk Klousule 5 wat soos volg lees: ***Designation of ministers of religion and other persons attached to religious denomination or organisation as marriage officers: (1) Any religious denomination or organisation may apply in writing to the Minister to be designated as a religious organisation that may solemnise marriages in terms of this Act*****).**

MOSIE: UITSLUITING VAN VROUE (CA van der Merwe/ FW Bosman) **– goedgekeur:**
Hierdie Algemene Sinode, vra alle vroue wat geroep was om predikant te word, nederig omverskoning dat hierdie kerk, naamlik die NG Kerk, u nie toegelaat het om dit tot uitvoering te bring nie.

MOSIE: SELFDEGESLAGVERHOUDINGS – MENSE WAT SEERGEKRY HET (E Malan/N Rossouw) **– goedgekeur:**
3.1 Vanuit ons verbintenis tot die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid sê ons as Algemene Sinode opreg jammer vir mense wat seergekry het en wie se waardigheid aangestas is weens enige homofobiese taal, gedrag of gesindheid van die kant van die kerk, ook tydens hierdie vergadering.
3.2 Die Algemene Sinode weerhou haarself voortaan van enige homofobiese taal, gedrag en gesindheid juis vanweë ons verbintenis aan die Seisoen van Menswaardigheid, en ook vanuit 'n diepe oortuiging van die diskriminerende aard van sodanige taal, gedrag en gesindheid as gevolg daarvan.